Werkwinkel: Hoe brei ons die Afrikaanse Wikipedia uit?

'n Werkwinkel vir vakkundiges wat wil bydra om die Afrikaanse Wikipedia sinvol uit te brei, is op 30 Januarie 2020 by die Akademiegebou aangebied.

Aanbieders: Prof. Laurette Pretorius, Deon Steyn en dr. Gideon Kotzé.

Die voortgesette ontwikkeling van Afrikaans as 'n wetenskapstaal en die vestiging van die taal se voetspoor in die digitale wêreld geniet hoë prioriteit by die SA Akademie. Die Akademie ondersteun daarom graag 'n gemeenskapsprojek soos die Afrikaanse Wikipedia wat in die groeiende behoefte aan kennisverspreiding en -benutting in Afrikaans op die wêreldwye web voorsien.

Wikipedia, as die grootste en mees omvattende vrye-inhoud ensiklopedie ooit, is 'n sleutelhulpbron in eietydse kennisonttrekking en taaltegnologie op die wêreldwye web. Wikipedia is natuurlik nie slegs 'n Engelse ensiklopedie nie, maar is reeds in 293 tale van die wêreld beskikbaar en groei steeds. Die Wikipedia-ensiklopedie is in wesensaard 'n gemeenskapsprojek waartoe enige kundige belangstellende kan bydra. Die Afrikaanse Wikipedia, wat in November 2001 ontstaan het, spog tans met meer as 87 700 artikels. Ten einde hierdie kragtige bron van kennis verder uit te brei moet die bestek van artikels in Afrikaans egter met bekwame spoed uitgebrei word. Die Afrikaanse Wikipedia se inhoud moet nie slegs akkuraat en omvattend wees nie, maar die taalgebruik moet van hoë gehalte wees.

Die doel van hierdie werkwinkel was om belangstellendes touwys te maak oor hoe om tot die uitbreiding en aanvulling van die Afrikaanse Wikipedia-inhoud by te dra. Belangstellendes word hartlik uitgenooi om by hierdie projek aan te sluit en Afrikaans se plek en rol op die wêreldwye web te help verstewig. Verdere werkwinkels word vir vanjaar in die vooruitsig gehou.